**2 Julie**
**Skrifgedeelte: Rut 1**
**Fokusgedeelte: Rut 1:16,17**

**Jy kan jou dit voorstel**

Die drie vroue op die stofpad by die grenspale van Israel en Moab is op die oog af 'n gewone groepie wat van mekaar afskeid neem. In hierdie klein kringetjie val daar egter ‘n groot beslissing – met God of sonder God, want hulle is by die grenspaal van geloof of ongeloof. Orpa en Rut het hulle mans se geloof in die Verbondsgod van Israel gedeel, sekerlik gelei deur Naomi om die rol en plek van die vrou in Israel se godsdiens te verstaan. Altwee het die voorreg gehad om God te leer ken en in die geloof te groei, maar toe die oomblik van beslissing aanbreek, kon Orpa nie oor die geloofsgrens stap nie. Sy word maklik oortuig om terug te draai na haar volk en hulle gode toe. Orpa het die kennis, maar nie die geloof nie. Sy het genade ontvang, maar kom nie tot oortuiging nie. Sy is byna gered, maar op die grens draai sy maklik weg.
Vandag kom jy dalk self by die grenspale waar jy moet besluit of jy met God of sonder God verder gaan. So ‘n besluit kan jou keuse van vriende wees. Dit kan jou besluit oor besigheid wees. Dit kan jou oorweging wees in jou vermaak, die tydskrifte wat jy lees, die films wat jy wil sien of die ontspanningsplekke wat jy wil besoek. Moet jy bietjie toegee? Moet jy bietjie waag? Dit is so goed soos omdraai, wegdraai. Jy het die kennis van die lewende God wat sê: Wees heilig, want die Here jou God is heilig. Moenie omdraai nie, al moet jy met jouself baklei! Moenie afdwaal nie, al moet jy wêreldse pret verloor! Moenie twyfel nie! Toe die duiwel met al sy slim voorstelle by Jesus kom, het Jesus gesê (Matt 4;10): “Gaan weg Satan …!” Vertrou die Here. Hy sal aan jou sy seën gee soos wat Hy vir Rut geseën het, maar dan moet jy uit die oortuiging leef: U is my God. U volk is my volk.
*Sing: Psalm 118:14 Dr JM van Tonder (Krugersdorp-Wes)*